



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Titanic

1 Timoteus 6:17-21

In Titanic word daar twee soorte lewens vir ons uitbeeld: In die boonste deel van die skip is die eersteklas-mense. Status en protokol is hulle lewensbenadering, en hulle grootste tydsverdryf is om snobisme te bevestig met selfs groter snobisme. Dan is daar die derde-klas mense wat in die onderste deel van die skip bly. Dit is hulle wat met opregte plesier dans en dalk ware geluk verstaan. God gee rykdom sodat mense dit kan geniet (vers 17). Die hoofklem, sê die Skrif, moet egter vir ons val op rykdom in goeie dade, vrygewigheid en mededeelsaamheid (vers 18) Maak dit jou doel om jou hoop op God te vestig, nie op dit wat jy besit nie.

*Lees die teks stadig deur.
Lees dit hardop indien moontlik.*

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

Leer saam met Rose, die vroulike hoofkarakter in Titanic, dat daar belangriker dinge in die lewe is as die kaartehuse van rykdom en status.

(Bybel 24/7)